

ongegouditeerde finansiële resultate



CAPITEC
BANK
HOLDINGS LIMITED

vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2014

Wesensverdiensle
met 21% tot R1.173 miljard

Wesensverdiensle per aandeel
met 21% tot 1 018 sent

Tussentydse dividend per aandeel
met 21% tot 246 sent

25%
Opbrengs op ekwiteit

38%
Kapitaaltoereikendheid





34%
Koste-tot-inkomste

Aktiewe kliënte
OP met 16%

Kleinhandel
deposito's
OP met R3mjd

Mobiele kliënte
OP tot 2.9m

Takke
OP tot 647



as 'n slegte lening en skryf ons dit af. Voorsienings is amper twee keer meer as agterstallige lenings, soos blyk uit ons dekkingsverhouding van 194% vir agterstallige lenings (Augustus 2013: 177%). Ondanks hoër afskrywings is prestasie en boekgehalte ruim binne ons risiko apt. Ons is konsekwent in die toepassing van ons voorsienings- en afskrywingsbeleid.

Gesonde likiditeits- en befondsingsposisie

Kleinhandelsdeposito's het met R3 miljard gegroei
Sterk groei in kleinhandelsdeposito's van R3 miljard tot R26.6 miljard vir die ses maande (Augustus 2013: R20.2 miljard, Februarie 2014: R23.6 miljard) het die groei in die bruto kleinhandelsleningsboek R1.4 miljard oortref. Die sterk prestasie van kleinhandelsdeposito's het dit weereens onnodig gemaak om befonding in die groothandelmark te verkry. Ons likiditeitsbeleid bly onveranderd konserwatief.

Ons handhaaf volle nakoming van beide die internasionale maatstaf Basel 3-likiditeitsverhoudings: Die Likiditeit-dekkingsverhouding ('n maatstaf van sterkte oor die kort termyn) en die Netto Stabiele Befondsingsverhouding (wat sterkte oor die lang termyn meet). Hierdie verhoudings meet ons vermoë om ernstige stres weens 'n verlies aan ondersteuning deur institusionele befonders te oorleef en hoe goed die bank kontantvloed van bates met sy kontantvloed na befonders en deponeerders balanseer.

Kontant en korttermynfondse is 34% van totale bates op die balansstaat

Lae groei in kleinhandelslenings en sterk groei in kleinhandelsdeposito's het tot hierdie hoë vlak van likiditeit gelei. In Augustus 2013 was die verhouding 28% en in Februarie 2014 was dit 31%.

Stewige kapitaalvlakke

Kapitaaltoereikendheid is omsigtig op 38%

Die kapitaaltoereikendheidsverhouding bly sterk op 38%, effens laer as die 39% van Februarie 2014, as gevolg van veranderinge in die samestelling van kontant en korttermynfondse. Die kern-ekwiteitskapitaalverhouding was 30% (Februarie 2014: 30%).

Voorkeuraandeel ten bedrae van R52 miljoen (20% van ons voorkeuraandeel) wat ingevolge die Basel 3-reëls nie meer as regulatoriese kapitaal getel het nie, is teruggekopen en deur goedkoper vaste deposito's vervang. Terugkope is gedoen uit bygedrae belastingkapitaal.

Opbrengs op ekwiteit styg tot 25%

Die sterker winsprestasie het die opbrengs op ekwiteit tot die teiken van 25% opgestoot (Augustus 2013: 23%). Die tussentydse dividend het met 21% verhoog tot 246 sent per aandeel. Die bank se finansieringsverhouding bly konserwatief op 5 keer gewone aandeelhouersekwiteit met betrekking tot die bedryfsgemiddelde van 13 keer (Desember 2013).

Werk aan verbetering van industrie-uitleenstandaarde

Daar is 'n algemene fokus op onversekerde leningspraktieke en ons werk al 'n geruime tyd proaktief saam met reguleerders en die bedryf om volhoubare verbeterings aan te bring aan die wyse waarop kredietverskaffers lenings toestaan. Deur die Vereniging van Kredietverskaffers het ons die leiding geneem om die aanmelding van nuwe krediet by die kredietburo's binne 48 uur te bevorder. Dit sal die moontlikheid beperk dat te veel krediet aan kliënte toegestaan word, omdat hul jongste transaksies gouer by die buro sal wys. Ons was eerste om hierdie reël toe te pas.

Ons werk saam met die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) aan die nuwe reëls om bekostigbaarheidsbeoordelings van kliënte te reguleer. Die toepassing van hierdie reëls sal help om te verhoed dat kredietverskaffers hoër risiko-krediet toestaan, en beter beskerming verleen aan verbruikers wat by geregistreerde verskaffers om krediet aansoek doen. Ons kliënte betaal nie vir die kredietlewendekking op hul lenings nie, ons het dus geen blootstelling as kredietlewendepremie gereguleer word nie. Ons is ook deur die NKR genooi om deel te neem aan gesprekke oor die billike prysstelling van onversekerde krediet.

Kredietgradering

Op 15 Augustus 2014 het Moody's Investor Service (Moody's) die internasionale depositograderings van Capitec Bank van Baa3/P-3 tot Ba2/NP verlaag, en sy nasionale skaalgraderings van A2.2a/P-1.2a tot Baa1.2a/P-2.2a. Alle graderings is onder oorsig vir verdere daling, met die uitsondering van die korttermyn-nie-prima graderings. Capitec Bank was nie die enigste nie, aangesien Moody's ook ander groot Suid-Afrikaanse banke se graderings verlaag het. Capitec Bank is ontvrede met die hersieningsproses wat hierdie afgradering voorafgegaan het en die gevolgtrekking wat bereik is. Ons werk daaraan om ons kredietgradering te verbeter.

Voortuiste waardelike aanspreklikeid

In die geïntegreerde verslag vir 2013 en 2014 is verwys na 'n kennisgewing wat van die NKR ontvang is aangaande beweerde oortredings van die Nasionale Kredietwet (NKW). Op 9 April 2014 het die Nasionale Verbruikertribunaal die NKR se aansoek teen Capitec Bank afgewys. Op 20 Junie 2014 het Capitec Bank bekend gemaak dat hy 'n kennisgewing van appèl deur die NKR teen hierdie uitspraak ontvang het. Dit bly onprakties om die finansiële uitwerking van enige moontlike uitkomst te raam. Capitec is steeds van mening dat die saak bevredigend opgelos sal word deur 'n behoorlike proses te volg.

Vooruitsigte

Transaksiebanksake se resultaat is te danke aan beleggings wat in vorige periodes gemaak is. Ons wil bewustheid en aanvaarding van die handelsmerk bevorder en die produktekreeks verder ontwikkel, terwyl die verspreidingsnetwerk uitgebrei word. Dit sal alles bydra tot verdere groei. By Capitec gaan banksake oor detail, en ons werk hard om detail in die organisasie te implementeer.

Ons doelwit is om krediet verantwoordelik te verskaf aan dié wat dit kan bekostig en bestuur. Toegang tot krediet is 'n stapel-tem van die moderne samelewing. Die veranderinge wat in 2007 deur die NKW ingestel is, stel baie Suid-Afrikers wat voorheen uitgesluit is, in staat om krediet te verkry. Daar is 'n toekoms vir onversekerde krediet, hoewel ons dit versigtig benader in 'n ontwikkelende bedryf.

Ons strategie is om die beste kleinhandelbank vir Suid-Afrikers te wees.

Tussentydse dividend

Die direkteur het op Donderdag, 25 September 2014, 'n bruto tussentydse dividend van 246 sent per gewone aandeel vir die ses maande tot 31 Augustus 2014 verklaar. Die dividend sal op Maandag, 27 Oktober 2014, betaal word. Daar is 115 297 995 uitgereikte gewone aandele.

Die dividend voldoen aan die omskrywing van 'n dividend ingevolge die Inkomstebelastingwet. Die dividendbedrag na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15% is 209,10000 sent per aandeel. Die uitkering is afkomstig van inkomsterserwes en geen krediete ten opsigte van sekondêre belasting op maatskappy (SBM) is teen die dividend verreken. Capitec se belastingverwysingsnommer is 9405/376/84/0.

Laaste dag vir handel met dividend	Vrydag, 17 Oktober 2014
Verhandelings sonder dividend begin	Maandag, 20 Oktober 2014
Rekorddatum	Vrydag, 24 Oktober 2014
Betaaldatum	Maandag, 27 Oktober 2014

Aandeelsertifikaat mag nie tussen Maandag, 20 Oktober 2014, en Vrydag, 24 Oktober 2014, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Namens die direkteur, Stellenbosch, 25 September 2014.

Michiel le Roux
Voorsitter

Gerrie Fourie
Hoof uitvoerende beambte

Verdiensle 21% hoër

Verdiensle het die afgelope ses maande met 'n bevredigende 21% toegeneem as dit met die ses maande geëindig Augustus 2013 vergelyk word. Sterk bemerkings en verlate jaar se verbetering van die takbankstelsel het gesorg vir momentum wat netto inkomste uit transaksies verhoog. Streng onderskrywing en 'n fokus op invorderings het die impak van die swak leningsmark beperk.

In Mei 2014 het die Wêreld Ekonomiese Forum erkenning gegee aan Capitec Bank as een van 16 snelgroeiende maatskappye in Afrika wat as baanbrekers en innoveerders beskou word. Volgens Solidariteit se bankkosteverslag van September 2014, bly Capitec Bank se 'Global One' steeds die mees koste-effektiewe bankrekening.

Netto transaksiefiooi-inkomste oortref verwagtings

Netto transaksiefiooi-inkomste het tot R1.2 miljard gestyg vir die ses maande tot Augustus 2014 (in die ses maande tot Augustus 2013 was dit R899 miljoen). Netto transaksiefiooi-inkomste het 63% van bedryfsuitgawes gedek vir die ses maande (ses maande tot Augustus 2013: 55%). Nuwe regulasies op fooie wat vroeg in 2015 in werking tree, sal 'n afname in inkomste uit debietkaartfooie teweegbring, maar volgehoue volumegroei behoort dit teen te werk.

Groei in die aantal aktiewe kliënte het versnel, met 'n styging van 418 000

Aktiewe kliënte het sedert Februarie 2014 met 418 000 tot 5.8 miljoen toegeneem en was die dryfkrag agter die styging in netto transaksiefiooi-inkomste. Die groei in die aantal kliënte die afgelope ses maande het die groei van die vorige twee sesmaandetydperke oortref. Ons beskou kliënte wat gereelde deposito's (meestal hul salarisse) in hul Capitec Bank rekening betaal as 'n sleutel-kliëntekategorie. Hierdie kliënte het teen Augustus 2014 op 2.5 miljoen gestaan (Augustus 2013: 1.9 miljoen, Februarie 2014: 2.2 miljoen).

Beveiligde mobiele-banksake op enige plek, enige tyd

Ons het in Julie 2014 die Capitec-toepassing (app) vir mobiele media vrygestel. Kliënte se aanvaarding van die toepassing het alle verwagtinge oortref, met 90 500 aktiverings binne 'n maand en 'n half. Ons toepassing kan op alle fone met 'n internetverbinding gebruik word, insluitend ouer fone ('n beduidende aantal Suid-Afrikers het nie slimfone nie). Die veiligheid van ons kliënte se geld is noodsaaklik en daarom is die toepassing ontwerp om bedrog deur SIM-kaartomruilings te voorkom. Hierdie veiligheidskenmerk is uniek in die Suid-Afrikaanse mark, aangesien dit die kliënt met die foon verbind en nie met die SIM-kaart nie.

Landswye bekendstelling van huisleningsdiens in vennootskap met SA Home Loans

Capitec doen nou 'n intydse evaluering in die tak vir kliënte wat in 'n huislening belanghet. Indien hierdie evaluering toon dat die kliënt kan kwalifiseer, word SA Home Loans in kennis gestel en dan skakel hulle die kliënt direk. Capitec staan nie die huislening toe nie – dit word deur SA Home Loans gedoen wanneer kliënte se krediettoesoeke slaag. Die diens is reeds beskikbaar in Gauteng, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap, en word in Oktober in die res van die land ontplooi. Dit is deel van ons langtermyn-strategie om in al die basiese bankbehoefte van ons kliënte te voorsien.

Meer takke en OTM's

Ons het oor die afgelope ses maande 18 nuwe takke geopen en 290 addisionele OTM's geïnstalleer om te voorsien in die behoefte aan meer takke en OTM's wat in opnames onder kliënte na vore gekom het. Ons fokus op die uitbreiding van ons teenwoordigheid in winkelsentrums.

Beperking van koste terwyl verspreiding uitgebrei word

Bedryfskoste vir die ses maande het met 18% tot R1.9 miljard gestyg. Hierdie bo-inflasie groei in koste is toe te skryf aan die toename in werknemertal met 7% tot 9 491, hoofsaaklik as gevolg van die personeelbehoefte wat met die uitbreiding van die taknetwerk gepaard gaan, en die indiensneming van addisionele bekwaame personeel in sleutel-ondersteuningsafdelings, naamlik inligtingstechnologie, besighedeïntelligensie en projekbestuur. Kapitaalbesteding was laer as gevolg van laer beplande kapitaaluitgawes en 'n stadiger ontplooiing van OTM's weens beperkte beskikbaarheid van geskikte kleinhandelsruimte.

Grondbeginsels goed toegepas

Versigtig met ons geldsake

Ons bly versigtig in ons benadering tot kredietverlening – ons gebruik omvattende kredietstreefmodelle en doen 'n volledige bekostigbaarheidsbeoordeling voordat ons 'n lening aan 'n kliënt toestaan. Met voorsienings volg ons 'n omsigtige benadering om berekende buffers in te bou vir moontlike slegte skuld. Ons hanteer steeds ons kapitaal, befonding en likiditeit met omsigtigheid; ons finansiële verhoudingsgetalle is ver bo internasionale standaarde, en hoër as die gemiddelde van die Suid-Afrikaanse bankbedryf. Ons benader kostebestuur met spaarsamigheid en bevaagte elke uitgawe. Ons koste-tot-inkomste-verhouding bly laag op 34%.

Streng reëls geld vir kredietverlening

Ons pas streng reëls toe om slegte skuld te beperk. Dit bring mee dat leningsverkope beperk word. Leningsverkope was 2% laer as in die ooreenstemmende ses maande tot Augustus 2013 en 7% meer as verkope vir die ses maande geëindig Februarie 2014. Strenger reëls het beteken dat die aantal lenings wat toegestaan is, met 20% tot 1 324 000 gedaal het teenoor die ses maande tot Augustus 2013, en dit is ook 5% laer as vir die ses maande tot Februarie 2014. Die gemiddelde grootte van nuwe lenings het toegeneem omdat ons minder korttermynlenings met 'n lae waarde toegestaan het. Die algehele termyn van die uitstaande boek het van 45 maande teen Februarie 2014 afgeneem tot 44 maande teen Augustus 2014. Ondanks dalende leningsverkope het leningsinkomste met 6% gestyg. Ons sal steeds rente en fooie verdien op lenings wat in vorige tydperke verkoop is. Bruto lenings en voorskotte het tot R35.1 miljard gestyg (Augustus 2013: R32.6 miljard, Februarie 2014: R33.7 miljard).

Afskrywings neem toe maar totale groei in slegte skuld neem af

Bruto slegteskuld-onkoste (wat bestaan uit skulde afgeskryf en voorsienings vir slegte skuld), het met 6% gestyg vir die ses maande tot Augustus 2014, teenoor die ses maande tot Augustus 2013. Vorige maande het 'n hoër groeikoers gehad as gevolg van hoër koste vir groter voorsienings om die hoër boegroei in die verlede te dek. Afskrywings het altesaam R2.1 miljard beloop, wat 28% hoër is as in die ses maande tot Augustus 2013 en 16% hoër as in die ses maande tot Februarie 2014. Die toename in afskrywings is teengewerk deur 'n laer koste vir voorsienings, wat R126 miljoen bedra het en met onderskeidelik 72% en 73% afgeneem het teenoor die voorsieningskoste vir die ses maande tot Augustus 2013 en Februarie 2014. Dit is omdat voorsienings in die vorige tydperk meer as genoeg was om afskrywings in die huidige tydperk te absorbeer, agterstallige lenings stabiel was en boegroei stadig was.

Verhalings het met 58% verbeter en geleel tot 'n 2% styging in netto slegteskuld-onkoste. Die verbeterde verhalings was te danke aan 'n volgehoue fokus op hierdie aspek van ons besigheid. Die netto slegteskuld-onkoste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte vir die ses maande het tot 5.8% gedaal teenoor onderskeidelik 6.2% en 6.1% vir Augustus 2013 en Februarie 2014.

Agterstallige leningspersentasies stabiel

Die verhouding van agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte het stabiel gebly op 5.5% in vergelyking met Augustus 2013, en afgeneem teenoor die 6.5% van Februarie 2014. Hoewel verhoudings stabiel is, bly bestuur versigtig, aangesien agterstallige lenings in die tweede helfte van ons finansiële jaar gewoonlik hoër is. Om potensiële swakheid in die leningsboek weens stakings, mededingers, die swak ekonomie en die hoër afskrywings teen te werk, is aanvullende voorsienings ter waarde van R199 miljoen geskep. Dit het verseker dat totale voorsienings vergeleke met die bruto leningsboek toereikend gebly het op 10.7% (Augustus 2013: 9.8%, Februarie 2014: 10.8%).

Wanneer kliënte ophou om hulle paaime te betaal, probeer ons hulle oortuig om voort te gaan met die betaling, met 'n nuwe terugbetaalplan indien nodig. Aangesien hergeskeduleerde lenings 'n hoër risiko bied in vergelyking met ander lenings, skep ons addisionele voorsienings daarteen.

In die algemeen gaan ons voort om met omsigtigheid te voorsien. Ons voorsien steeds gemiddeld 8% vir lenings wat op datum is. Dit styg tot 46% vir kliënte wat agterstallig is met een paaime, 74% vir twee paaime en 87% vir drie paaime. Wanneer die paaime 90 dae agterstallig is, beskou ons dit

Sleutelaanwysers van prestasie

	Ses maande geëindig Augustus		Jaar geëindig Februarie		
	2014	2013	%	2014	
Winsgewendheid					
Rente-inkomste	R'm	5 202	4 616	13	9 434
Netto leningsfooi-inkomste	R'm	304	465	(18)	841
Rente betaal	R'm	(1 179)	(1 040)	13	(2 133)
Netto transaksiefiooi-inkomste	R'm	1 202	899	34	1 927
Ander bankinkomste	R'm	17	-		(19)
Inkomste uit bankverwante bedrywigehede	R'm	5 546	4 940	12	10 050
Netto slegteskuld-onkoste	R'm	(1 996)	(1 955)	2	(3 976)
Netto bankinkomste	R'm	3 550	2 985	19	6 074
Bankverwante bedryfsuitgawes	R'm	(1 912)	(1 620)	18	(3 242)
Belasting	R'm	(455)	(384)	18	(795)
Voorkeurdividend	R'm	(9)	(10)	(10)	(20)
Verdiensle toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers					
Basiese	R'm	1 174	971	21	2 017
Wesens-	R'm	1 173	971	21	2 017
Netto transaksiefiooi-inkomste tot bankverwante bedryfsuitgawes	%	63	55		59
Netto transaksiefiooi-inkomste tot netto bankinkomste	%	34	30		32
Koste-tot-inkomste-verhouding	%	34	33		32
Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit	%	25	23		23
Verdiensle per aandeel					
Toeskryfbare	sent	1 018	844	21	1 752
Wesens-	sent	1 018	844	21	1 752
Verwaterde toeskryfbare	sent	1 015	838	21	1 740
Verwaterde wesens-	sent	1 015	838	21	1 740
Dividende per aandeel					
Tussentydse	sent	246	203	21	203
Eind-	sent	-	-		460
Totale	sent	-	-		663
Dividenddekking	x	-	-		2.6

Bates

Netto lenings en voorskotte	R'm	31 323	29 460	6	30 053
Kontant en korttermynfondse	R'm	16 611	11 819	41	14 423
Ander	R'm	1 640	1 579	4	1 715
Totale bates	R'm	49 574	42 858	16	46 191

Laste

Deposito's	R'm	38 334	32 979	16	35 449
Ander	R'm	808	730	11	760
Totale laste	R'm	39 142	33 709	16	36 209

Ekwiteit

Aandeelhouersfondse	R'm	10 432	9 149	14	9 982
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	%	38	39		39
Netto batewaarde per gewone aandeel	sent	8 868	7 710	15	8 433
Aandeelprys	sent	21 205	18 400	15	18 375
Markkapitalisasie	R'm	24 449	21 215	15	21 186
Aantal uitgereikte aandele	'000	115 298	115 298		115 298
Aandeelopsies					
Aantal uitstaande	'000	967	1 514	(36)	1 503
Aantal uitstaande tot uitgereikte aandele	%	0.8	1.3		1.3
Gemiddelde uitoefenprys	sent	14 197	8 520	67	9 465
Gemiddelde termyn tot vervaldag	maande	22	19	16	16

Bedrywigehede

Takke		647	589	10	629
Werknemers		9 491	8 890	7	9 070
Aktiewe kliënte	'000	5 806	5 016	16	5 388
POS handelaars		25 893	22 631	14	24 329
OTM's					
Eie		841	671	25	744
Vennootskap		2 367	2 173	9	2 174
Totale		3 208	2 844	13	2 918
Kapitaalbesteding	R'm	145	314	(54)	549

Verkope

Lenings

Waarde van lenings toegestaan	R'm	9 346	9 501	(2)	18 214
Aantal lenings toegestaan	'000	1 324	1 645	(20)	3 034
Gemiddelde leningsbedrag	R	7 059	5 776	22	6 003
Terugbetalings	R'm	11 329	10 800	5	21 862
Bruto lenings en voorskotte	R'm	35 086	32 644	7	33 690
Agterstallige lenings	R'm	1 935	1 799	8	2 174
Agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte	%	5.5	5.5		6.5
Agterstallige en herskeduleerde agterstallige lenings < 6 maande	R'm	2 680	2 634	2	2 921
Agterstallige en herskeduleerde agterstallige lenings < 6 maande tot bruto lenings en voorskotte	%	7.6	8.1		8.7
Voorsiening vir twyfelagtige skuld	R'm	3 763	3 184	18	3 637
Voorsiening vir twyfelagtige skuld tot bruto lenings en voorskotte	%	10.7	9.8		10.8
Dekkingsverhouding op agterstalligheid	%	194	177		167
Leningsinkomste	R'm	5 169	4 899	6	9 841
Leningsinkomste tot gemiddelde bruto lenings en					